# Boekbespreking

AD Pont – Landman, C & Whitelaw (red), *Oorspronge in oënskou: Opstelle oor die vroeë kerk ter ere van JAAA Stoop op sy sestigste verjaardag* ........ 410
AD Pont – Balke, W, *Calvin und die Täufer: Evangelium oder religiöser Humanismus* ........ 411
HG van der Westhuizen – Vorster, WS (red), *Views on violence* ........ 412
CJ Joubert – Instituut vir Reformatoriese studies, *Venster op die onderwys* ........ 416

# Boekbespreking

**Landman, C & Whitelaw, DP (red) 1985 – Windows on origins / Oorspronge in oënskou: Opstelle oor die vroeë kerk ter ere van JAAA Stoop op sy sestigste verjaarsdag**

Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. 102 bladsye. Prys R24 plus AVB

**Resensent: Prof AD Pont**

In hierdie huldigingsbundel het 'n twaalftal geselekteerde vriende en oudstudente van prof JAAA Stoop twee opstelle gepubliseer ter ere van die feit dat prof Stoop sestig jaar geword het en daarmee ook uit die diens van UNISA getree het. Aangesien prof Stoop sy lewe lank hom besig gehou het met die bestudering van die geskiedenis van die vroeë kerk, soos die lys van gepubliseerde werke ook aantoon (bl 13–14), is hierdie opstelle rondom daardie tema gekonsentreer. Dit moet vir prof Stoop 'n besondere voldoening wees dat hy, by die neerlê van sy opdrag, kan weet dat daar 'n hele aantal navorsers is wat sy werk sal voortsit en die belangstelling vir die studie van die geskiedenis en standpunte van die vroeë kerk en sy woordvoerders sal voortsit. In dié sin het prof Stoop 'n besondere bydrae gelewer tot die vak Kerkgeskiedenis. Dat die studie van hierdie periode by UNISA die Departement aldaar sou vrywaar van apologetiese of polemiese geskiedskrywing, wat volgens Bosch (bl viii) die wyse sou wees waarop Kerkgeskiedenis by die Universiteit van Pretoria en ander residensiële universiteite aangebied word, word netjies geloënstraf deur die bydrae van BJ Marais van UNISA (bl 186–192). Opvallend in die bundel is verder die feit dat die oorgrote meerderheid van artikels in die Engelse taal aangebied word, terwyl die gehuldigde en meeste van die skrywers Afrikaanstaliges is. Dit moet seker aan die breë, ekumeniese blikwydte toegeskryf word waarna daar in die voorwoord deur die dekaan van UNISA se Fakulteit Teologie verwys word. Dit verander gelukkig nie die feit dat daar 'n aantal opstelle is wat met genoeë gelees kan word nie. Dit sal egter van leser tot leser kan verskil.

Die volgende opstelle kom in die bundel voor: C Landman, 'n Meervoudige beskouing van dogmahistoriegrafiese probleme; JW Hofmeyr, The relevance of church history with special reference to the early church; CJ Botha, Clement of Alexandria on one's attitude towards possessions; JA Loader, Chrysostom, Isaiah and the Antiochene view

of scripture; WHC Freud, The Donatist church – forty years on; Ben Engelbrecht, Augustinus se politieke 'realisme' en sy 'neutrale' definisie van die staat; BP Gaybba, Love and know what you will: The epistomological role of love in Augustine; WJG Lubbe, Hieronymus en Augustinus in pennestryd oor Bybeluitleg; CFA Borchardt, Sensus Scripturae by Athanasius, Hilarius en Luther; DP Whitelaw, Window on two worlds: Augustine and Luther; BJ Marais, Rondom die woord 'baster'.

Oor die algemeen is dit 'n mooi huldigingsbundel en 'n tasbare bewys van die plek wat Stoop in die akademiese wêreld vol gestaan het.

---

**Balke, W 1985 – Calvin und die Täufer: Evangelium oder religiöser Humanismus. Übersetzt von H Quistorp**

Minden – Westfalia Selbstverlag Pfr Dr HJJ Th Quistorp. 292 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Prof AD Pont**

Hierdie Duitse vertaling van Balke se *Calvijn en de Doperse radikalen* (1977) is, as op die gehalte van die oorspronklike werk gelet word, grotendeels vanselfsprekend. Hierdie werk van Balke wat in Amerika in Engelse vertaling verskyn het, dui op die belangrike inhoud van hierdie sorgvuldige en netjiese studie.

Balke se groot werk vestig wéér die aandag daarop dat die Reformatoriese vadere in die sestiende eeu nie net teen Rome en die Roomse Kerk en teologie stryd moes voer nie. Reeds vroeg het daar langs die Hervorming 'n tweede beweging na vore gekom wat nié die boodskap van die alleen-regverdigende en reddende genade van God in Jesus Christus in die middelpunt gestel het nie, maar veeleer die godsdienstige en etiese vernuwing van die mens. Dit is in hierdie kringe waar die ideaal van 'n suiwer, Christelike gemeenskap die sterkste na vore gekom het. Balke wys in sy werk daarop hoe Calvyn teen die bewegings vanuit die Skrif standpunt ingeneem het. Dit was veral die poging van die groeperinge om die koninkryk van God, òf op gewelddadige òf op vreedsame wyse, op aarde te verwerklik. Calvyn het hierdie siening afgewys. Dit is juis hierdie vlak waar die werk van Balke sy belangrikheid vir ons tyd kry, want ook in ons dae is daar bewegings wat deur veranderinge en hervorming van die gemeenskap,

'n wêreld wil bou waar daar geen oorlog, geen honger, geen armoede en geen ongeregtigheid sal wees nie. Dit is opvallend dat Calvyn in die sestiende eeu reeds hierdie 'opwindende perspektiewe' vanuit die Skrif bevraagteken het.

Dit is nie alleen interessant nie, maar ook leersaam om Calvyn se visie op die owerheid, soos hy dit uit die Skrif aflees, weer aan die hand van Balke se uiteensetting na te gaan. Miskien is dit goed om die enkele samevattende sin van Balke wéér na vore te bring – juis in ons dae waar daar teoloë is wat saam met die revolusionêre optree: Die Christen is geroep tot die *tolerantia cricis*, dáárin bestaan sy *militia Christi*. Terselfdertyd mag die Christen bid en uitsien na die wettige middele waardeur orde en reg herstel sal word, want beide is gegrond in die teokrasie (bl 234).

Dit was vir my leersaam, interessant èn belangrik om Quistorp se vertaling van Balke se magistrale werk te lees. Dit het andermaal onderstreep hoe belangrik die kennis van ons Calvinisties-reformatoriese erfenis is. Dit is in die lig van hierdie erfenis dat dit duidelik word dat só baie wat vandag as nuut, opwindend of byderwets aangedui word, niks méér is as die herhaling van ou dwalings nie. Omdat te veel van ons teoloë, net soos so baie van die politici, ons geestelike erfgoed en agtergrond nié meer ken nie, word daar in die duister getas as dié revolusionêre denkbeelde na vore gebring word. Die studie van hierdie belangrike werk van Balke, kan in meer as een opsig beskou word as noodsaaklik vir ons tyd. Mag dit so wees.

---

**Vorster, WS (red) 1985 – Views on violence**

Pretoria: University of South Africa. 118 bladsye. Hardeband. Prys R13,00 plus AVB.

**Resensent: Prof HG van der Westhuizen**

Die vyf referate met hulle responsies wat UNISA se Instituut vir Teologiese Navorsing op sy negende simposium in 1985 gehou het, is in hierdie bundel opgedra aan Alberts S Geyser. Geyser word genoem 'one of the pioneers in the debate on contentious issues in South Africa'. Maar nêrens in die hele bundel het iemand na iets wat Geyser gesê het, verwys nie.

Die teologiese benadering van die bundel word reeds in die woord vooraf gesuggereer: 'It is often maintained that ours is the most violent

society in the Western world because it is structurally violent.'

Die eerste referaat, deur HG Viljoen van die Departement Sielkunde UNISA, handel oor *Aggression and violence: A social psychological perspective.*

Dit is 'n goeie sielkundige inleiding met vele definisies en omskrywings van die aard en oorsprong van aggressie. Die respondent, B Goba van die Departement Sistematiese Teologie, UNISA, is duidelik ontevrede met die referaat. Dit is te verwagte, want 'n mens moet onthou dat Goba saam met ander skrywers van die sogenaamde Kairos-dokument onder andere die vrylating van Nelson Mandela eis en die herroeping van alle veiligheidswetgewing. Nadat Goba herhaaldelik sy misnoeë oor die referaat se konteksloosheid uitgespreek het, som hy dit soos volg op: 'What I find missing in this paper is a sociodynamic approach which would address us in our situation' (bl 20). Die referent het afgesluit met die stelling dat: 'the only way to counteract these destructive tendencies is by trying to strengthen aggression's counterpart, which is also rooted in the biological and social existence of man, namely *love.*' So 'n stelling kon 'n mens selfs van 'n sielkundige verwag. Die respondent beëindig sy kommentaar egter: 'But what is simplistic is to believe that the answer is love. My problem is: how do we promote love in this world of competing self-interests and conflicting ideologies?' Het iemand nie gevra: 'Jy is die bekende leermeester van Israel en jy verstaan dit nie (Joh 3:10)?

Die tweede referaat is van dr DP Whitelaw van die Departement Kerkgeskiedenis, UNISA. Hy handel oor: *Christian responses to violence: A historical survey.* Nadat die referent eers 'n bietjie rondval tussen die Uitenhage-begrafnis en die Westdene-busramp, kom hy by definisies en tipologisering van geweld. Daarna volg 'n interessante historiese oorsig. Die vroeë kerk word as pasifisties beskryf. Die respondent, prof JH van Wyk van die Departement Dogmatiek van die Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, voeg in die besonder oor hierdie eerste tydperk, en verder in die algemeen by die hele referaat, waardevolle gegewens by. Oor die sogenaamde pasifisme van die vroeë tyd is dit noodsaaklik dat 'n mens ook dr MJ Mans van die Departement Latyn, Universiteit van Pretoria, se artikels in *Die Hervormer* van Desember 1985 en Januarie 1986 sal lees.

Whitelaw behandel vervolgens die Konstantynse periode van die ontstaan van die gedagte van regverdige oorlog. Dan kom die Middeleeue met sy kruisvaarders en heilige oorloë aan die beurt en laastens die moderne tyd waarvan die nuutste ontwikkeling die teologieë van revolusies is.

Die derde referaat is van mnr GC Cuthbertson van die Departement Geskiedenis, UNISA. Hy handel oor: *Christians and structural violence in South Africa in the 1970's.* Hy plaas hom onmiddellik eensydig op die uitgangspunt van die South African Council of Churches. Sy aanname is: 'Structural violence is therefore related to the uneven distribution of power and wealth, and ultimately to the form capitalism has taken in South Africa' (bl 45). Cuthbertson handel verder onder andere oor swart bevrydingsteologie, Soweto 1976, en die verbanning van die Christelike Instituut in 1977. Desmond Tutu en Beyers Naudé word as profete voorgehou (bl 50, 51) en laasgenoemde se leierskap word herhaaldelik opgehemel (bl 54). Hierdie referaat is 'n blote stuk verdediging van die verbode Christelike Instituut en die gewese ingeperkte Beyers Naudé.

Prof AC Viljoen van die Departement Kerkgeskiedenis van UNISA respondeer op Cuthbertson. Viljoen ondersteun die vloeirigting van sy referent se bydrae en maak daarby onder adere die volgende tendensieuse stellings, naamlik dat die SACC en die Christelike Instituut 'the vast majority of Christians in South Africa' verteenwoordig. Wat van die oorgrote Christendom in die Afrikaanse volk, die miljoene in onafhanklike kerke, die totaliteit van die Reformed Independent Churches Association (RICA)? 'n Ander stelling wat die respondent maak, is: 'Our speaker in fact has made use and indicated clearly the sources which perhaps should have been unbanned long ago. But at the same time we must admit that he nor I, for that matter could have used certain important material representing the more radical opinion' (bl 62).

Gesien die vloeirigting van die publikasie, vorm prof SS Maimela se bydrae *Nuclear holocaust: The ultimate in violence*, die hoogtepunt. Maimela is van die Departement Sistematiese teologie en Teologiese etiek, UNISA. Hierdie bydrae kan nie 'n bydrae uit Bybelse geloofstandpunt genoem word nie. Enkele aanhalings sal dit vanself duidelik maak. 'Indeed, it is no exaggeration to say that technology and weapons of mass destruction have made the impossible possible: human beings, perhaps unwittingly, have been transformed into "gods" (*eritis sicut dei*). That is, humans are now endowed with the capacity to decide on the fundamental issues of life and death, of choosing between good and evil, to the point of destroying themselves and the entire creation. This is the reality of our new religious situation: the responsibility for the future of the world and of humankind now rest in human hands and no longer in God's hand alone. This new religious situation is one

which cannot adequately be grasped if theology continues to understand its function as merely the transmission of truths or answers deposited in the Bible' (bl 75). '... God is **not always** behind all that happens in the world' (bl 76). '... Sin and salvation have to be redefined in the light of the novelty of our religious situation about which the Bible knows nothing' (bl 77). Waar die teologiese vraag in die Bybelse tyd neergekom het op: Hoe vind ek 'n genadige God wat my van sonde verlos?, sou die moderne teologiese vraag glo wees: 'How can we control the enormous knowledge and power at our disposal?' (bl 77). Teen hierdie agtergrond wil Maimela 'n teologie van menslike verantwoordelikheid ontwikkel – 'because the future of the world and human survival is in human hands' (bl 81).

Dit moet duidelik gesê word dat die klem op die menslike verantwoordelikheid hoegenaamd nie misplaas is nie. Maar daarvoor het jy nie 'n modernistiese teologie nodig nie. Lees maar net weer met aandag en insig ons belydenis in die Dordtse Leerreëls.

Dié referaat van 'n teoloog eggo nie egte geloofstaal nie, maar dié van 'n kwasie-natuurwetenskaplike. Ironies dat die respondent, wat 'n egte natuurwetenskaplike is, dr Louw Alberts, Direkteur-generaal van die Departement Mineraal- en Energiesake, die egte geloofstaal spreek. Dit is die moeite werd om hierdie publikasie aan te skaf en te lees – al is dit net ter wille van dr Alberts se bydrae.

Enkele aanhalings sal dit staaf: 'The definition of violence is so broad that it becomes almost a substitute for sin in the ethical sense.... I recognise that such a broad definition of violence is a prerequisite for the theology that follows but one is tempted to think that it is a case of a solution emerging and then seeking a formulation of a problem to suit it' (bl 85). 'I cannot accept that the God of the Scriptures has now been dethroned' (bl 85). 'The author quotes Brueggemann who purports that conventional theology (that is, God is sovereign in all matters), actually paralyses human activity, thus leading to social indifference, defeatism, moral dullness and irresponsibility. But history denies such a point of view....' (bl 86). 'In fact ... a theology of responsibility devoid of a fundamental Biblical approach becomes in fact a new term for old-fashioned conventional humanism' (bl 86). 'Technology may have enabled mankind to alter the scale of violence but not the root cause' (bl 86).

Dr EA van Niekerk, kapelaan van Een Militêre Hospitaal, Voortrekkerhoogte, lewer die laaste bydrae oor: *Pastoral care in situations of violence.* 'n Mens besef dadelik dat 'n man van die praktyk hier aan die

woord is. Tog beheer hy sy stof sistematies en gefundeerd. Die baie aanhalings word 'n bietjie vermoeiend. Interessante sienings word gegee oor die sondebok – meganisme, Jesus en mag, en die bloedpad tussen Jerigo en Jerusalem. Mnr JT Cook, hoofnavorser van die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing, Johannesburg, het 'n onnodige lang responsie wat plek-plek sy politieke oortuigings propageer.

Die publikasie is netjies gedruk deur Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria-Wes, maar die woordverwerkingsproses lees tog nie so lekker as klassieke drukwerk nie.

---

**Instituut vir Reformatoriese Studies, 1985 – Venster op die Onderwys. (Reeks nr S 3. Versamelwerke nr 24)**

Potchefstroom: PU vir CHO. 147 bladsye. Prys R7,00. 16 hoofstukke deur verskeie medewerkers.

**Resensent: Prof CJ Joubert**

Die Regering se Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die RSA (1983) beklemtoon:

- onderwys as eie saak
- die kulturele en lewensbeskoulike raamwerk vir die onderwys.

Hierdie beklemtoning lê 'n groot verantwoordelikheid op Christendenkers en onderwys om 'n besondere bydrae te maak waarby die verwerkliking van hierdie aangeleentheid kan baat.

*Venster op die Onderwys* kan beskou word as 'n bydrae wat aan hierdie vereiste voldoen.

Die oogmerk van hierdie werkie is om ondersoek in te stel na die soepelheid van die Christelik-Nasionale onderwysbeginsels binne die kontemporêre maatskappy. Sou die CNO te rigied of strak wees om die eise van 'n huidige vaartversnelling in die onderwysstroom te akkommodeer, kan teëspoed en ondergang voorsien word en is daar sprake van 'n kruispadkrisis.

As grondliggende uitgangspunt van die 16 toonaangewende skrywers, het die feit gegeld dat onderwys gefundeer is op en voortvloei uit die religieuse grondmotief. Die verwesenliking hiervan in die menslike doen en late vind vergestalting in 'n onwegdinkbare lewens- en wêreldbeskouing. Lewensbeskoulik ongedifferensieerde onderwys in so-

genaamde neutrale, geïntegreerde openbare skole is dus sterk afgewys, ten einde ook te verhoed dat die ryke kultuurverskeidenheid in die RSA nie in 'n kleurlose algemeenheid verval nie.

In hierdie bundel het die skrywers verskillende onderwysvraagstukke op voortreflike wyse verstaanbaar en sonder onnodige omhaal uitgewys om dan die aandeel van die staat, die kerk en veral die rol van die ouer rondom die CNO-gedagte in opvoeding en onderwys te beklemtoon. Die vraagstuk oor vakinhoude vir die nie-formele onderwys, kurrikulering vir opvoedende nie-tegnologiese vakinhoude en ouerseggenskap daarby, is behandel en daar is aandag gegee aan enkele praktiese implikasies voortspruitend uit die skoolplig-leerpligaanbeveling. Wat duidelik geblyk het, is enersyds die kommer oor die vestiging van arbeidswaardes soos eerlikheid, betroubaarheid, toewyding en nougesetheid as geestestoerusting binne die loopbaangerigte opleiding, en andersyds die aanspraak op ouerinspraak by die nieformele onderwysvoosiening. Alhier is die stigting, die rol en funksie van die Transvaalse Afrikaner-Ouervereniging pertinent voorgehou en gepropageer, veral waar die beginsel van ouerbetrokkenheid, ouerinspraak en ouermedeseggenskap in onderwysvoorsiening as vanselfsprekende vertrekpunte gesien word. Hierdeur is nie alleen die geleentheid en middele daargestel vir die ouer om in die nuwe staatkundige bedeling meer betrokke te raak in die opvoeding en onderwys nie, maar word die opgaaf van geesdrif, meelewing en ouerinspraak pertinent uitgespel tot selfs op die derde vlak van onderwysbestuur.

Ten einde 'n breë, maar verantwoorde perspektief op die onderwys te behou, is kortliks die terrein en inspraak van die staat, kerk en die ouergemeenskap ten opsigte van die opvoedende onderwys onder die loep geneem. Die kerk, staat, gesin en skool het elk 'n toerustende taak ten opsigte van sy lede, te wete die kerk as geloofs- en verbondsgemeenskap, die staat as 'n juridiese of regsgemeenskap, die gesin as 'n bloed- en liefdesgemeenskap, terwyl die skool spesifiek 'n onderwys- en opvoedingsgemeenskap is. Vanweë besondere omstandighede sal die skool nie met die totale breë gemeenskap kan assosieer en dit regstreeks bedien nie, maar 'n bepaalde gemeenskapsektor sal hom op godsdienstig-ideologiese gronde en vanweë kultureel-etniese oorwegings rondom 'n bepaalde skool verenig. Hier het dit duidelik geblyk dat te midde van krete wat enersyds opgaan vir kultuurisolasie teenoor andersyds kulturele integrasie of multikulturele onderwys, kulturele differensiasie die aangewese uitweg is vir beplanning van 'n onderwysstelsel vir 'n heterogene bevolking. Deurdat daar ten opsigte

van elke aspek van eie volkskultuur opvoeding, onderwys, voorligting en opleiding geskied, kry die jeug waarop hy geregtig is, naamlik opvoedende onderwys wat met sy besondere aard, agtergrond en geestesteseise rekening hou en wat in sy besondere behoeftes voorsien.

Die CNO-gedagte sal in die toekoms deeglik getoets word en daarom moet beide deskundige en natuurlike opvoeders toereikende kennis daarvan dra. Die belangrikheid van die skool as besondere draer van CNO, moet besef word en deur beide ouergemeenskap en onderwyserskorps ondersteun word.

In hierdie handhawing en uitbouing is die vennote: Kerk, ouergemeenskap en onderwyskorps. Al drie hierdie vennote moet kennis neem van die inhoud van *Vensters op die Onderwys* ten einde weerbaar te wees in hulle bemoeienis met die Christelike skool van die toekoms. As sodanig kan *Venster op die Onderwys* met reg aanbeveel word vir die breë ouergemeenskap en in besonder elke onderwyser vir wie die opvoeding en onderwys van ons jeug hul erns is.